

Astrale liggaam en Roemwaardig liggaam

Astrale liggaam en die Roemwaardig – liggaam.

Om te kan gesels rondom die vraagstuk moet ons kyk na die twee benamings.

As ons praat 'astraal' beteken dit: soos die sterre; ster agtig; verbeeldings liggaam; spieëlbeeld van die menslike liggaam of 'n liggaam sonder skaduwee 'wil ek sê'. Dit moet meer verstaan word dat dit 'n gefantaseerde liggaam is. Dit is iets wat niemand kan sien nie, selfs die een wat so iets beleef / beoefen sien sy aardse liggaam, maar nie die astrale liggaam nie. Dit is meer in die sin dat dit 'n fantasie is as wat dit werklik is (*nie dat dit so is nie, maar baie gevaarlik*). M.a.w. die astrale liggaam kan nie eet, drink, gesien of aangeraak word nie en daarbenewens is dit 'n fantasie.

'n 'Roemwaardigliggaam' is soos YAHUSHA sin. Dit kan aan gevat word en so kan die persoon (*soos YAHUSHA*) wat in die roem liggaam is 'eet en drink'. Hy kan kommunikeer met die mens op aarde en 'n gesprek met hom voer. Daar bestaan wel sulke liggame op aarde wat ek aan die onderkant sal verduidelik.

Die twee liggaam entiteite is beide werklik, maar het 'n baie groot verskil in bestaan, werke en dade. Baie wil die astrale liggaam koppel aan drome wat nie reg is nie. Volgens die wat astraalogie bedryf moet dit gereeld oefen om uit sy liggaam te kan gaan. Die siel is verbind aan die bloed van die aardse liggaam en moet nou die 'Wet' van YHUUH breek deur te oortree om los te kom van die verbinding. Dit is nie 'n maklike self lering nie, want dood kan maklik intree (*hetsy gees of vleeslik*).

Ek glo baie het al gehoor of gelees van gevalle waar sekere persone 'n astrale ondervinding gehad het tydings 'n operasie of padongeluk waar hulle na hul liggaam gekyk het waar die dokter besig was met jou liggaam op die operasietafel. Wat dit vir ons sê is dat dood in beide gevalle betrokke is. Die verskil tussen die twee is as jy die astraal liggaam (*die siel uit die liggaam*) beoefen het, het jy geen beskerming van die engele van YHUUH nie, want jy oortree die Wet, maar die teenoorgestelde gebeur as jy in 'n ongeluk of wat ook al was het jy die beskerming van die boodskappers van YHUUH.

Die wat astraalogie beoefen doen (*weet of onwetend*) dinge wat baie gevaarlik is. Sodra die beoefenaar dit regkry om sy siel los kan kry van die bloed en uit die liggaam te gaan staan die siel 'n baie groot kans om nooit weer terug te keer na sy liggaam nie. Buite ons liggame is ontelbare demone wat liggame soek. Sodra 'n demoon sien dat jy besig is om uit jou liggaam te wil kom gaan hy en help jou om dit wel te kan doen. Jy sal dit moontlik 'n paar maal regkry tot en met. Ek het 'n man ontmoet wat baie ondersoeke gedoen het in die okkulte wêreld wat my van 'n geval vertel het wat met hom gebeur het.

Daar kom eendag 'n vreemde man by hom kuier vir 'n dag of wat (*sekerlik om meer te leer oor okkultisme*). Die man het vir hom normaal voor gekom en was baie vriendelik. Hulle het met die intrap slag oor dit gepraat wat saak maak, maar toe dit by etenstyd kom het die atmosfeer ietwat geswaai en so ook die belangstelling. Die man het opgestaan en gevra of hy kan help met die voorbereiding van die kos. Met toestemming het hy in die kombuis saam met die vrou begin werk en werskaf aan 'n ete. Die vrou vind dit in die begin aangenaam dat sy iemand het om haar uit te help in die kombuis, maar na 'n ruk se hulp kom sy agter dat die man baie meer weet as 'n normale man sal weet wat om te doen in 'n kombuis. Tydens die voorbereiding aan 'n ete gesels die man baie en maklik met die vrou oor vroulike dinge. Sy vind dit toe interessant wat hy weet oor vroue, want sekere dinge wat hy oor gesels was vroue geselskap en nie 'n man sin nie. Na ete het die gasheer en die besoeker gaan sit en gesels oor besete liggame. Nie lank in hulle gesels het die besoeker begin oopmaak wat sy situasie is in besetenheid.

Die besoeker was in 'n groep wat baie bedrywig was in die okkulte waar hulle die astrale liggaam beoefen het. Hulle het bv. in 'n kamer in gegaan en gemediteer, en uit hul liggame gegaan. Hulle het dan gemanifesteer op enige plek oor die aarde (*dit was 'n vooruit gereelde afspraak*). Hulle het mekaar se liggame geleen en hulle ding gedoen en weer teruggekeer in hulle eie liggaam. Wat deel uitgemaak het van hulle ooreenkoms met okkulte (*Ha satan*) reëls was dat daar 'n vrou moes sterf as offer tot Ha satan. Die vrou was ook bekend aan die verhuisings van die siel en het vir 'n geleentheid gesoek om te ontsnap uit die liggaam wat sy inwoon, want sy wou nie meer instaan as 'n offer vir Ha satan nie.

Op 'n dag toe die priester in die kamer ingaan en sy siel laat reis na 'n anderland het sy ook uit haar liggaam gegaan en sy liggaam in besit geneem. Sy het haar liggaam versteek en as 'n man voort begin te leef.

Hoeveel waarheid in dit alles is weet ek nie, maar dit het oor die wêreld al bekend geword dat sulke gevalle wel bestaan. Net tot waarskuwing oor die soort van ding. Die siel is en bly verbind aan die liggaam en gees. Ons weet die Skrif sê dat die siel verbind is aan die bloed, maar tog is daar die wat hulle slim hou om die soort van goed te praktiseer. Ek praat van (*veral die vroue*) Joga, Kundalini, Tree of Life, "Hindoeïsme" Dit is mos nie demonies van aard of een of ander okkulte nie skree die vroue, maar min wetend is dit die sagte ware wat die satanisme op werk (*die moderne manier*). Sodra die siel die liggaam verlaat kom daar 'n demoon in sy plek. Die demoon vervul maklik die werke van die siel se plek en die mens daar buite sal dit nie eens agterkom nie (*net baie naby vriende of familie sal wel*). Nou die siel wat weer terug wil gaan kan nie meer terug nie, want sy plek is gevul. Die siel kan nêrens heen as om by daardie aards liggaam te bly wat hy besit het nie. Die siel bly verbindend aan daardie liggaam, hetsy nou binne of buite die liggaam tot en met die dood intree.

Soos ons weet is daar twee paaie vir die siel en dit is ewige lewe of ewige hel. Nou terwyl die liggaam leef en waar die demoon ook al gaan wat in beheer is sal die siel dwalend (*party noem hulle dwalende geeste*) rondom daardie liggaam wees (*Onthou ek praat nie van 'n besetene waarvan die siel toegelaat het dat die demoon mag intrek nie, maar waar die siel buite die liggaam is*). Wanneer die liggaam tot sterwe kom (*as niemand die demoon uitgejaag het nie*) word die liggaam begrawe wat tot stof sal gaan, maar die demoon wat in hom gewoon het kan en mag nie soos die normale siel na die doderyk gaan nie. Wat nou wel gebeur is dat die siel gaan na die doderyk, want die siel was aan daardie liggaam verbonde. Die siel soos ons weet sal verantwoording moet doen vir wat hy gedoen het.

Die roemwaardig – liggaam is 'n liggaam sonder bloed, maar tog gevuld are. Dit is 'n liggaam met behoeftes, tog kan dit nie ophou bestaan nie. Die liggaam is in besit van die siel wat getransformeer het van die aardse (*stoflike*) tot die roemwaardig een. Soos die astrale liggaam die siel verteenwoordig so verteenwoordig die roem liggaam ook die siel. Dit is soos vroeër met die ou liggaam toe die siel met die bloed verbind was. Nou is die siel met die nuwe liggaam verbind. Dit is soos potklei, eers was dit roomkleurig tot daar 'n kleur by die potklei gevoeg word. Die kleur het verander na rooi en verewig het die kleur van die klei verander.

Wat het die twee liggame met mekaar te doen? Niks nie. Hulle is 180° uitmekaar uit. Die wetsoortreders kan tans nou die astraalgie doen en in die hel beland of 'n wetsgehoorsames kan wag vir die roem liggaam wat vervul gaan wees met "Ruag" (kragvolle asem/gees). Net voor ek oorgaan na die skrif: 'n Astrale liggaam kan is nie in besit van gees nie, want die aardse liggaam kan nie daarsonder nie, maar dit kan wel sonder 'n siel.

Kom ons kyk wat sê die Skrif oor die bespreking:

In Gen 15:12 lees ons van Abram wat 'n diepe slaap ontvang het. As ons die boek van Opregte lees sal ons in diepte sien wat werklik daar gebeur het. Abram was gepla deur Ha satan met sy kraaie. Hy (*Ha satan*) wou nie die plegtigheid laat deurgaan dat Abram die beloftes sou ontvang nie (*soos met Adam*). YHUH het besluit om met Abram in sy slaap te praat waar satan hulle nie sou steur nie m.a.w. YHUH het die mag om die siel te neem en dit te rig en onderrig terwyl die liggaam slaap. In Gen.28:11 werk YHUH met Jakob in sy slaap en toon hom ook wat vir hom voorlê. Job verduidelik dit ook baie mooi in 4:13 *by die gedagtespel, uit naggestigte gebore, wanneer diepe slaap op die mense val. Job 33:15 In die droom, in 'n naggestig, as diepe slaap op die mense val, tydens sluimeringe op die bed, 33:16 dan open Hy die oor van die mense, en Hy druk die seël op die waarskuwing aan hulle; In Matt. 1:24 staan: En toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gedoen soos die engel van die VADER hom beveel het en sy vrou by hom geneem;*

Net tot bevestiging oor die siel (*wat die mens mee doen soos hy wil*) en die gees (*wat die mens nie mee kan doen soos hy wil nie*). In Job.26:4 staan: *Aan wie het jy woorde te kenne gegee, en wie se gees het uit jou uitgegaan?* En so ook in Pre. 12:7 *en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na VADER terugkeer wat dit gegee het.* Matt. 27:50 *Daarop het YAHUSHA weer met 'n groot stem geroep en die gees gegee.* Die gees gaan terug na die Gewer sodra dood intree, maar die siel gaan na die wag tydperk (*een van die vier sale onder in die aarde*).

In kort oor 'bloed': YHUH is baie streng oor die eet van bloed. Ons word 12 keer gewaarsku om dit nie te eet nie en 15 keer uitgewys dat die volk 'n Wet van YHUH oortree het om bloed te drink en te eet. Hoekom? Omrede die siel aan die bloed verbind is. Kom ons lees in Gen 1:30. *Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin 'n lewende siel is....* Water diere, kruipende diere en voëls word hier van gepraat? Alles wat rein en eg is voor YHUH. Hoekom? Omrede daardie lewende siel in die plek van die Adamiet sin mag sterf. *Gen 22:13 En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens 'n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer.* Ex 13:13 *...Maar al die eersgeborenes van mense onder jou seuns moet jy loskoop* (met 'n lam). As jy 'n dier slag en jy vang sy bloed op in 'n houer stol die bloed in daardie houer en word 'n dik jel wat dan geëet kan word; Of sodra die bloed in die houer opgevang word en jy vat enige tak met blare aan en jy roer die bloed dan bly dit 'n vloeistof wat gedrink word. Wat baie (*okkultiste*) doen is om nie al die bloed van 'n slagding uit te laat loop nie en dit so gou moontlik op die vuur te kry (*Dus is daar nog baie bloed in die dier wat gaan stol wat saam met die vleis geëet gaan word*). Kyk ook gerus na slagpale waar hulle al die diere wat geslag word se bloed opvang en dan bloedmeel van maak sodat ander diere daardie bloed kan vreet, want dit is so goed vir hulle! Min wetend bly bloed lewendig vir 'n paar ure nadat 'n dier geslag was en dit is daardie siel in die bloed wat YHUH wil hê as loskoping.

Net 'n kort uitwysing oor 'dood': As dood intree stop lewe (*Ek praat net van die Adamiet*) en gaan oor na die volgende realm. Baie dink dat as iemand oortree het (*moord gepleeg*) en die regter besluit dat hy gehang (*gif in gegee of elektriese stoel*) moet word is dit die ergste straf wat gegee kan word op aarde (*Nee dit is nie*). Dink net by jousef; hier stap die man na die galg en die tou word om sy nek gehang. Die vloer gee pad onder hom en dood tree in. Nou waar is die straf werklik? 'n Paar dae gelede het hy die daad gepleeg en is gevang en veroordeel tot die dood. Die straf is eerder 'n waarskuwing vir ander om dit nie te doen wat die man gedoen het. Wat die veroordeelde man in aanhouding moet besef is dat hy nou tot inkering en bekering moet kom. Hy moet smee om vergifnis sodat hy nie in die volgende aanhouding beland waar die dode wag tot oordeel.

Ek sluit met die traktaat deur die uitwysing van die verskillende fasette van die astrale liggaam en die roemwaardige (“*verheerlikte*”) liggaam.

Die astrale liggaam word eeue al beoefen deur die Hindoe geloof waarvan hulle besluit het in die middel van die 19 de eeu om dit aan die wêreld bekend te stel. Soos ons weet dat daar op elke hoek en straat Yoga klasse aan gebied word, word daar net gemediteer en uit die liggaam oefeninge gedoen. Dit is 100% verkeerd en teen YHUH se Wette en vroue is die voorbokke. ‘n Astraleliggaam is die siel in ‘n verbeeldings liggaam wat weg is van die verbindings – bloed wat YHUH daar gestel het. Wat opgelet kan word is die silwerdraad in Pred.12:6. Daar is nie silwerdraadkoppeling tussen ‘n astrale liggaam en lewe nie, maar tussen die lewende liggaam en die “Gees van VADER” in daardie liggaam. As die draad verwyder word sterf die liggaam, dus as die liggaam nie meer ‘gees’ of asem haal nie is sy draad “geknipt” en niks met die astrale liggaam te doen nie. Die wat prentjies teken waar die astrale liggaam swewe en waar dit aan ‘n silwerdraad gekoppel is, is snert. As dit wel die geval gewees het sou die menslike liggaam nooit beset kon geword het van demone nie. Nee die beoefening van die okkulte maak ‘n opening tot besetting. Die simbool van die silwerdraad is “LEWE” en dit behoort aan VADER en nie vir jou om mee te speel nie!

Die roemwaardig liggaam word wel reeds deur YHUH gebruik op aarde soos in Hand.8:39 waar YHUH Filippus skielik weggeneem het na ‘n anderplek. Ek ken ‘n man wat my vertel het dat hy laat was vir ‘n belangrike vergadering en toe hy weer sien was hy daar en betyds(*deur gebed*). Hy het genoem dat dit ‘n snaakse en ‘n wondere gevoel in hom verwek het tydens die spoedige verplasing.

Toe YAHUSHA op gestaan het, het hy nog steeds die wonde aan Hom gehad (Joh.20:20,27) tog geen bloed in Hom nie. Omrede dit ‘n “Roem” liggaam is, genees die liggaam homself, want dit behoort aan VADER. Dood kan nie meer intree nie, want dit is volmaak. Die Liggaam van YAHUSHA is die liggaam wat ons gaan ontvang wat van plek tot plek kan manifesteer (Luk.24:31).

Om in kort terug te keer wil ek graag ‘n gedagte deurgee wat baie belangrik is om te verstaan. As ons die boonste geskrewe verstaan sal julle die volgende ook moet verstaan. Die siel is in beheer van die liggaam tot opbouing of tot afbreking. Die siel wil bly lewe tog breek hy die liggaam af! In Ps.42:12 staan: *Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op dié Skepper, want ek sal Hom nog loof—die lossing van my aangesig en my Skepper!* (Ps.43:5; 42:5). Hoekom word daar gespreek met die siel en wat beteken dit? Terwyl die siel in die liggaam is en alles gaan wel rondom die liggaam (*dit eet, drink, slaap en loop rond*) steur die siel hom nie veel aan lewe nie, maar as die liggaam gedreig word dat dood kan intree word die siel bang.

Nou kan ons vra: Kommunikeer die siel dan met die liggaam ? Ja dit doen. Die liggaam sien die siel as sy doel en opdrag om lewe te behou in die liggaam, en die bron van lewe in die liggaam is om die siel te laat lewe. Bv.: Deurdadige beoefening uit die liggaam is, is die liggaam nog steeds lewendig, want die gees (lewe) is nog daarin met al die sintuie en organe, maar die 'doel' is afwesig. Dit is soos 'n voertuig wat staan en luier sonder 'n bestuurder. Die voertuig kan nie beweeg nie en tog is dit gereed om te ry. As die liggaam deur iemand of iets soos 'n leeu gedreig word klop die hart ontsettend vinnig, want lewe staan 'n baie goeie kans om te stop. Eers daar gelaat.

Bo het ek uitgewys dat die lewe 'gees' is en nie die siel nie, maar die twee moet mekaar vind anders sal berusting, lankmoedigheid, verdraagsaamheid, goedertierenheid en 'liefde' nooit intree nie. As dood die liggaam bedreig (*veral 'n oumens*) wat reeds berusting gevind het is nie bang vir die dood nie (*1 Joh. 4:18 Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie*). Die siel en die gees het mekaar gevind en het oorgegaan tot berusting in 'VADER'. *1Joh. 4:12.... As ons mekaar liefhet, bly VADER in ons en het SY liefde in ons volmaak geword.* Indien nie: *1Joh. 2:15.... As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die VADER nie in hom nie.*

Nou hoe gedaan? Die gees binne in die mens is latent en bly so tot en met die siel intree by sy werkvlak m.a.w. die siel bly so werksaam aan vleeslike behoeftes dat hy nooit by die gees uitkom nie. Luister nou mooi wat die Skrif sê in Open. 3:20 *Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.* Die 'Gees' wat roerloos by die deur (hart) staan terwyl die siel voortdurend verby (in en uit) snel en skaars ag gee dat hy die 'Gees' raaksien. Die siel wat wel ag gee sal die klop hoor en die deur oopmaak en YAHUSHA in laat. Met toelating dat die 'Gees' ook in die bloedstroom vloei saam met die siel, word die liggaam voorberei vir die "Bruidegom". As die 'Gees' van VADER in die are van die liggaam vloei gee die liggaam 'n blou glans af. Hoe meer die siel oorgee aan die Gees hoe helderder die blou glans. Dit kan so skitterend wees dat blou nie meer opsigtelik is nie. Ons menslike oog kan dit nie sien nie, maar wel die wat in die okkulte (*so ook demone*) wêreld is. Lees wat die demone sê: *Mark. 1:24 .. Hou op! Wat het ons met U te doen, YAHUSHA, Nasaréner? Het U gekom om ons te verdelg? Ek ken U, wie U is: die Reine van VADER! Matt. 8:29 En meteens skreeu hulle en sê: Wat het ons met U te doen, YAHUSHA, Seun van VADER? Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig? Luk 8:28 En toe hy YAHUSHA sien, skreeu hy uit en val voor Hom neer en sê met 'n groot stem: Wat het ons met U te doen, YAHUSHA, Seun van die allerhoogste VADER? Ek bid U, moet my nie pynig nie—(ons moet tog ook kan skreeu: YAHUSHA, Seun van die allerhoogste VADER hier is ek neem my nou en maak my vry!).*

Die okkulte wêreld weet dat hulle moet mediteer om die siel (astrale) tot berusting te bring om met die liggaam te werk. Ons (*die uitverkore 12 stamme van YHUH*) wat veronderstel is om beter te weet moet die hart se deur oopmaak sodat "Gees" met die bloed kan meng m.a.w. daar moet 'n geboorte plaasvind. Die ou liggaam was die siel alleen in die bloed, maar met die intrede van die 'Gees' gaan dit vernuwe word. In Joh 3:3. staan:

YAHUSHA antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van VADER nie sien nie. Dit is inderwaarheid baie harde woorde vir sommige, want min besef wat dit werklik beteken. Geboorte kom slegs van VADER! Daar is niks op aarde waarvan VADER nie weet nie. Elke insek, dier of mens is VADER van bewus. Elke ding wat nie 'n geboorte reg het op aarde nie, weet VADER ook van.

Nou met inkering(*wetsoortreding*)beking(*stop en omdraai en aanskou YAHUSHA*) en die wassing (*doop in water/ onderdompeling*) kom die wag tot geboorte van bo. VADER gaan jou toets en beproef, HY gaan jou louter en voor berei vir die huwelik met SY Seun. Daar sal wel voor die huwelik 144 duisend uitverkies word (*as hulle 'wil' SY wil is en hulle belangstel om deel te maak van die wenspan*). *Open.7:4 En ek het die getal van die verseëlde gehoor: honderd vier en veertig duisend verseëlde uit al die stamme van die kinders van Israel 14:1 En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met Sy Naam en die Naam van Sy VADER op hulle voorhoofde geskrywe. 14:3 En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is (Open.7:3,4).*

Dit wat jy hier gelees het, besef die waarskuwings en so ook die uitkoms in: *Eseg. 9:4 En die HERE YHUH sê vir hom: Trek dwarsdeur die stad, dwarsdeur Jerusalem, en maak 'n teken op die voorhoofde van die manne wat sug en steun oor al die gruwels wat daarin gedoen word. :5 Maar aan die ander sê Hy voor my ore: Trek agter hom aan deur die stad, en slaan; laat julle oog nie verskoon nie, en moet nie spaar nie; :6 slaan dood gryns - aards, jongmanne en jongedogters en kinders en vroue tot vernietiging toe; maar raak aan niemand op wie die teken is nie, en begin by My ~~heilighdom~~ afgesonderde (Eseg.9:7-11) Ek sluit om te vra dat jy Joh.3:3-8 moet lees en mag VADER jou in guns aansien om jou die geboorte van bo te skenk.*

Ns:

(1) Die 144 duisend is nog nie gemerk nie, maar hulle gaan nou gemerk word deur die man met die inktpot. (2) Die geboorte van bo gaan eers in die 1000 jaar van vrede gebeur en nie voor die tyd nie. Baie dink dat hulle reeds die geboorte het en maak 'n groot fout, want 'n man met 'n geboorte van bo kan manifesteer van plek tot plek en kan dooies opwek ens. Bedink dit.